Genesis 6 – God is bedroef dat Hy die mens gemaak het, maar begenadig Noag

Ons kom by die derde deel van die Oergeskiedenis. Die **eerste deel**, die geskiedenis van die hemel en aarde (Gen. 2:4 vv.), het geëindig in die "*sondeval*" (Gen. 3) en "*broedermoord*" (Gen. 4).

Dieselfde negatiewe gevolge kan in die **tweede deel**, die geskiedenis van Adam (Gen. 5:1 vv), bespeur word. Dit sien ons in die tragiese beskrywing van die: "*groot bedorwenheid van die mens op aarde*" – Genesis 6:1-8.

Daar is tog steeds 'n sprankie hoop – soos dit ook was met die geboorte van Set waarin die mense God begin aanroep het – in die feit dat Noag deur God begenadig is.

Hierdie **derde deel** van die Oergeskiedenis vertel daarom die verhaal van Noag van Genesis 6:9-9:29, waarna 'n **afsluitende twee dele** van die Oergeskiedenis vertel sal word, die geskiedenis van Noag se seuns: Sem, Gam en Jafet – Genesis 10:1 vv. en die geskiedenis van Sem – Genesis 11:10 vv.

Indeling – bedroefde God, begenadigde Noag

Hoofstuk ses val duidelik in twee dele uiteen. Die eerste agt verse fokus op die Here se ***bedroefdheid*** oor die verdorwenheid van die mens. Vers nege tot 22 fokus op Noag wat deur die Here ***begenadig*** is.

Daarmee word die verhaal van God se ingrype vertel wat 'n nuwe begin met Noag en sy familie en nageslag maak. Dit is die oorhoofse punt wat die verhaal van Noag in die ontvouende verhaal van God met die mens in die Bybel gaan maak. God se droefheid gaan oor in genade as Hy iemand vind met wie Hy die pad met die mens vorentoe kan loop, al sou hulle Hom ook telke male teleur stel … totdat Hy in sy eie Seun die perfekte antwoord vir die dilemma van menswees vind.

Die vloed in die lig van die argeologie en geologie

Dit is dan ook die beste manier waarop 'n mens die verhaal kan hanteer, presies soos die Bybel dit vertel, as 'n nuwe begin wat God maak, 'n "*ont-skepping*" van die bewoonde wêreld sodat Hy dit weer nuut kan skep met die nageslag van Noag, sowel as met die diere.

Ek sê dit spesifiek in die lig van die baie probleme wat geleerdes met dié verhaal het vanuit die argeologie en geologie. Dit is onteenseglik so dat daar min oortuigende argeologiese en geologiese getuienis is van 'n vloed wat die hele wêreld bedek het, ten spyte van die oorvloed verhale daaroor regoor die wêreld. Byna alle beskawings praat wel van 'n wêreldvloed, maar die argeologie en geologie ondersteun nie dié herinnering van mense nie. Daar is slegs getuienisse van vloede wat 'n beperkte invloed op 'n kleiner gebied gehad het.

Daar is bv. wel oral oor die wêreld getuienis van vloede, soos bv. in die Grand Canyon van Amerika waar dit deeglik bestudeer kan word, maar die datums van dié vloede op die verskillende plekke kom nie ooreen met mekaar nie. Daar is veral baie getuienisse van vloede in Mesopotamië waar hierdie vloed van Noag afspeel, maar die datums van dié onderskeie vloede verskil ook as 'n mens dit wetenskaplik met mekaar vergelyk. Dit is ook uit opgrawings bekend dat daar op 'n plek soos Jerigo, wat vir talle millennia ononderbroke bewoon is, geen getuienis van enige vorm van vloed regdeur die geskiedenis van dié stad is nie (John Walton).

Dit is dus sinloos om die verhaal te probeer aanpas by of te harmonieer met die argeologie, geologie en ander wetenskappe. Daar is net te veel potensiële probleme wat rondom die Bybelse verhaal in vergelyking met wetenskaplike ondersoeke na vore kom. Ek gaan dit dus nie probeer doen nie.

Maar, ek doen dit nie net om die probleme te ignoreer nie. Ek dink 'n mens mis met 'n poging tot harmonisasie – óf natuurlik ook met 'n afskiet van die verhaal as baie onwaarskynlik – te maklik die punt van God se genade wat op só 'n helder manier in Genesis 6-9 vertel word. Die verhaal is in elk geval deel van die "*voor-geskiedenis*" van die wêreld en ons toegang tot die presiese detail daarvan is uiters beperk. Dit kan ons na alle kante toe erken.

Wat belangriker is vir my, is dat God 'n nuwe begin met die wêreld deur Noag se gehoorsaamheid maak, soos vertel in dié vier hoofstukke. Hoe dit presies gebeur het, en hoe dit alles só kon gebeur het, is nie histories verifieerbaar nie, en op 'n praktiese vlak selfs moeilik om te verklaar, bv. die klein seleksie van diere en hoe só 'n klein seleksie van diere ná die vloed tot die geweldige diversiteit van spesies op aarde kon gelei het.

Die verhaal getuig dus van 'n nuwe begin. Dít is die punt van die verhaal en daarop kan ons met sekerheid fokus.

Die Here is bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het – 6:1-8

Twee dinge word hier uitgelig as 'n aanleiding tot God se droefheid oor die mens. Die een is dat die **hemelwesens** met die dogters van die mense getrou het en daarmee die grens tussen hemel en aarde oorskrei het. Die ander is dat die Here se ervaring van **mense** Hom geleer het dat hulle hul lewe lank "*net slegte dinge bedink*", selfs al was hulle deel van die nageslag van Set.

Dit het die Here só ontstel dat Hy bedroef was daaroor dat Hy die mens in die eerste plek gemaak het. Die sondeval het nie net die mens se denke benewel en die aarde in gevaar gestel nie. Dit het selfs God se domein, die hemel, bedreig, in terme van die hemelwesens wat in opstand teen sy wil vir hulle bestaan gekom het en met mense begin ondertrou het.

Hemelwesens is die vertaling van die Hebreeuse frase *bene ha'elohim* – "*seuns van God*" – wat in die OT altyd vir hemelwesens gebruik word (Deut. 32:8; Job 1:6; 2:1; 38:7; Ps. 82:6; 89:6; vgl. ook *bene el-chay*, "*seuns van die lewende God*" in Hos. 1:10 wat vir Israel gebruik word as 'n soort aardse ekwivalent).

Sommige verbind die frase oor die "*seuns van God*" aan Set se nageslag en die "*dogters van die mense*" aan Kain se nageslag (bv. Augustinus), maar dit is beter om dit soos in die res van die OT te interpreteer as: "*hemelwesens*" soos dit inderdaad ook in die NT geïnterpreteer word. (2 Pet. 2:4–5; Jud. 6). Dit sou ook vreemd wees dat dit net die mans van Set se nageslag en net die vrouens van Kain se nageslag is wat met mekaar trou. Die interpretasie is ook in lyn met die Joodse tradisie wat die ondertrouery aan 'n rebellie onder die engele verbind en selfs name aan die leiers gee (1 Henog 6-7).

Hierdie dinge het God nie net emosionele pyn gegee nie. "*Dit het Hom diep gegrief.*" Dit het Hom so diep verneder en beledig dat Hy net een uitweg kon beraam en dit is die totale uitwissing van die mens: "*want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het.*" Hy het verwag dat hulle Hom sou aanbid, soos Set en sy nageslag aanvanklik gedoen het, maar dié verwagting het beskaam.

Let op dat God nie deur 'n ander godheid tot dié stap beweeg is nie. Sy plan met die mens is nie deur enigiemand anders gedwarsboom nie, as maar net wat in die ontvouing van die menslike geslag gebeur het.

En dan die stukkie hoop: "*Maar Noag is deur die Here begenadig.*"

Maar Noag is deur die Here begenadig – 6:9-22

Daarmee word die verhaal van Noag ingelei, 'n regverdige en onberispelike man wat naby aan God geleef het, soos dit ook van Henog voor hom gesê is.

Let op dat God regdeur hierdie verhaal die aktiewe gespreksgenoot en handelende subjek is. Noag praat nêrens. Hy doen wel alles presies net soos wat God vir hom sê. Die eerste en enigste plek waar vertel word dat hy sy mond oopgemaak het, is toe hy 'n vervloeking oor Kanaän, sy kleinseun, uitgespreek het oor die vergryp van Gam wat sy pa se naaktheid aanskou het (Gen. 9:24-27).

Die aanleidende oorsaak vir die vloed word as die korrupsie en geweld op aarde geteken – "*elke mens op aarde se lewe was verrot*" – wat God laat besluit het om 'n einde te maak aan alle mense, sodat Hy nuut kon begin met Noag. Hy gee dus opdrag dat Noag 'n ark bou wat die oorstroming wat die Here sou stuur oor die aarde die hoof kon bied en vir hom en sy familie sowel as vir die voëls en diere redding kon verskaf.

Boodskap

God se passie vir ‘n verhouding met mense is groter as sy afgryse van die ongehoorsaamheid van mense. Dit het ons gesien in die verhaal van Adam en Eva. Dit het ons gesien selfs in die verhaal van die geweld van Kain teenoor Abel. Dit sien ons nou weer in die verhaal van Noag. God wil by ons woon. Hy wil met ons wandel. Hy wil met ons in gemeenskap wees.

Die verloop van die res van die storie van die Bybel sal telkens vir ons hieraan herinner. Die Bybel is die verhaal van God se onvermoeide pogings om die verhouding met mense te herstel, om ons terug te wen in ‘n verhouding met Hom, sodat Hy ons kan liefhê en ons vir Hom.

Die verhaal van Noag is daarom in ‘n sekere sin God se eerste poging om met ‘n familie oor te begin, eerder as net met ‘n persoon soos Set, die derde seun van Adam en Eva. Dat dit nie volledig gaan slaag nie – soos ons gaan lees in die verhaal van die dronkenskap van Noag en die ongemaklike storie van Gam waaruit drie aartsvyande van Israel gebore sou word – beteken nie dat God nie alles insit om dinge reg te maak nie.

Dat uit Gam se nageslag Egipte gebore sou word, die nasie wat Israel – nageslag van Sem – ‘n slawevolk sou maak, dat die Kanaäniete op soortgelyke wyse ‘n konstante verleiding sou wees vir hulle broerskinders Israel, toe die volk uiteindelik die beloofde land betree het, en dat die Assiriërs, ook deel van Gam se nageslag, vir die eerste ballingskap verantwoordelik sou wees, was hier nog ver in die toekoms (Gen. 10:6-20).

Die probleem weet ons egter, is dat die Here wel die sondige mense op aarde kon uitwis met die vloed, maar dat die sonde self nie daarmee uitgewis is nie, want die sonde het saam met selfs die begenadigdes, Noag en sy mense, opgeklim op die ark. Die sonde was doodgewoon deel van hulle geestelike DNA. Iets meer sou moes gebeur … die Here Jesus sou die sonde van die mens aan die kruis moes kom uitwis en ons van binne af verander deur geloof in sy versoeningswerk.

Genesis 7 – Ek het jou gesien en bevind jou regverdig

Oordeel en verlossing

Twee motiewe domineer hoofstuk sewe se verhaal van die vloed – **oordeel** en **verlossing**.

Aan die een kant is dit duidelik dat die Here nie net ernstig is in sy voorneme om: “*alles wat leef, wat Ek gemaak het, weg* (te) *vee van die aarde af,*” nie. Nee, Hy voer uit wat Hy Hom voorneem: “*Al wat op die aarde geleef het, het omgekom … So het God alles wat op die aarde geleef het, uitgewis.*” Daar is ‘n tragiese onafwendbaarheid aan die oordeel van God oor die ongehoorsaamheid van die mens. Selfs die aarde en die ander skepsels wat God gemaak het, moet dit in die proses ontgeld.

Aan die ander kant is dit net so duidelik dat die Here ernstig is in sy voorneme om Noag en ‘n oorblyfsel van mens en dier genadig te wees, “*om Noag en dié by hom in die ark te*

spaar". God sien vir Noag raak en bevind Hom regverdig. Daarom verlos Hy Hom van die oordeel wat kom saam met sy mense. Interessant genoeg is dit juis die ark wat Noag bou, in gehoorsaamheid aan die Here, wat die instrument is wat God kies om vier gesinne en 'n seleksie van diere en voëls te spaar, sodat daar 'n nuwe begin met hulle gemaak kan word. God span Noag en sy vakmanskap dus volledig in binne die uitweg wat Hy vir hom en die toekoms van die mensdom op aarde verskaf.

God straf die sonde, maar Hy voorsien ook altyd 'n uitweg vir dié wat van Hom afhanklik leef. Dít is die prentjie van God wat hierdie verhaal van Noag in elke detail daarvan onderstreep. Dit is ook die spits van die boodskap wat ons uit hierdie verhaal moet hoor. God kan vertrou word dat Hy sal optree teen ongehoorsaamheid. Hy kan egter ook vertrou word dat Hy 'n uitweg uit die oordeel sal verskaf, vir dié wat met Hom wandel.

Werklike verhaal met werklike mense

Let op dat dié verhaal steeds as 'n werklike verhaal met werklike mense vertel word. Vyf keer sal daar in hoofstuk 7-8 presiese datums gegee word vir die verskillende stadiums van die vloed. "*Presies op die sewentiende dag van die tweede maand van die ses honderste jaar van Noag het die fonteine van die groot waters oopgebreek.*" (Gen. 7:11; vgl. ook 8:4,5,13,14).

Die ooreenkomste met ander vloedverhale – veral die verhaal van Utnapisjtim in die Epos van Gilgamesj – is duidelik. Die wêreldwye karakter van die vloed, die ark wat gebou is, die voëls wat ook in die ark opgeneem word, en later selfs die offer wat Noag bring, kom sterk ooreen met die ander antieke tradisie.

Maar, dit is ook net so duidelik dat dit verskillende verhale is op die meeste ander punte, soos ek vroeër al aangedui het. God se besluit om die vloed te stuur, word soewerein sonder enige inspraak geneem, terwyl daar 'n hele vergadering van gode nodig is in die Epos van Gilgamesh om die besluit te neem. God is regverdig in sy hantering van die mens, deurdat Hy nie almal onder een kam skeer nie, maar die regverdige Noag red, terwyl dit 'n ander god is wat téén die besluit van die meerderheid vir Utnapisjtim red. Noag doen net wat God sê, en is andersins stil, terwyl Utnapisjtim as 'n knap en kreatiewe persoon geteken word. Noag bly 'n mens, terwyl Utnapisjtim 'n god word.

Die fonteine van die groot waters het oopgebreek

Die bron van die vloedwaters wat die aarde verswelg het, word op twee maniere beskryf. Aan die een kant het daar 'n groot stortreën vanuit die hemel gekom. Aan die ander kant het die fonteine van die "*groot waters*" – die *téhom* of "*diepte*" – oopgebreek. Dit is die groot bron van ondergrondse water wat van die bogrondse water – die water bokant die "*gewelf*" volgens die antieke wêreldbeskouing – met die skepping geskei is (Gen. 1:2,6).

Die verhaal van Noag teken dus ‘n prentjie van ondergrondse water wat uitbars bo die aarde en die aarde na sy vorige staat – omring deur water – verander. Die skepping word as’t ware omgekeer. Die sondvloed is dus nie net ‘n soort vloedwater wat mens met tsunami’s sou verbind nie, maar ‘n omvattende verswelging van alles wat leef en beef op aarde. Dit help ‘n mens ook verstaan dat die latere belofte van God in Genesis 9 dat daar nie weer oorstromings van dié aard sal wees nie, nie met plaaslike oorstromings te make het nie, maar met ‘n wêreldwye bedekking met water.

In dié verband was dit vir my ongelooflik interessant om in die toonaangewende *Science* tydskrif te lees van ‘n magtige ondergrondse oseaan wat naby die aarde se kern ontdek is deur ‘n groep Amerikaanse geofisici. Hulle bevindinge dui op ‘n ***reservoir van water*** in ‘n laag blou rots 400-700 km diep wat *drie keer meer as die gekombineerde volume van al die oseane van die aarde saam* is. Jy kan dit nagaan in die artikel “*Dehydration melting at the top of the lower mantle*” (*Science* 13 Junie 2014: Vol. 344, Uitgawe 6189, bl. 1265-1268. Brandon Schmandt, Steven D. Jacobsen, Thorsten W. Becker, Zhenxian Liu, Kenneth G. Dueker – registreer gratis, dan kan jy die artikel lees).

Dié bevinding maak dit ten minste teoreties moontlik dat die vloed van Genesis werklik wêreldwyd kon wees. Uiteraard sou dit steeds ‘n bonatuurlike ingrype moes wees, hoewel ek steeds nie dié Bybelse gegewens met die argeologiese en geologiese bevindinge kan rym nie. En die verhaal maak in elk geval genoeg sin in terme van die boodskap van oordeel en verlossing en ‘n nuwe begin wat God met die mensheid aanpak … maar ek sou graag meer wou weet van die wyse waarop die argeologie en geologie by hulle bevindinge uitkom. *Miskien is daar lesers wat meer weet hiervan …!*

Twee-twee word mens en dier gered

Dit is merkwaardig hoe pertinent die binêre karakter van menswees sowel as dieselfde binêre karakter van die dierewêreld beklemtoon word in die feit dat alle lewende wesens in pare, twee-twee, die ark moet binnegaan. Dit word eintlik tot vervelens toe genoem in dié hoofstuk. Selfs Noag en sy drie seuns gaan met hulle vier vrouens die ark binne. Ook die onrein diere en kruipende diere word in pare toegelaat. Dit stel onomwonde die fundamentele waarheid van alle lewende wesens dat hulle manlik en vroulik geskape is, sonder uitsondering. Daarsonder sou vrugbaarheid en vermeerdering immers onmoontlik wees.

Dat seksuele gedrag onder mense en diere anders kan wees as hulle geskape binêre samestelling, is natuurlik ook so. Maar, dit kan nooit enige verandering bring aan die feit van hulle manlike en vroulike kenmerke nie. Dat daar soms mutasies is waarin dié kenmerke op een of ander manier saam voorkom in ‘n individu, bv. in hermafrodiete, maak nie dié fundamentele binêre kenmerke van alle meersellige lewende wesens (*eukariotes* vir die tegniese siele onder ons!) tot niet nie.

Genesis 8 – Toe het God gedink aan Noag en al die diere in die ark

"*Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was …*" Dit is die evangelie in dié teks. Dit hang saam met sy vroeëre besluit om 'n verbond met Noag te sluit (Gen. 6:18) wat in die volgende hoofstuk in 'n omvattende verbond nie net met Noag nie, maar ook met sy nageslag beskryf sal word, trouens met "*mens en dier*" dat Hy nie weer die vloedwaters sal stuur om die aarde te oorweldig nie waarvan die reënboog die teken sou wees (Gen. 9:8-19).

Die fonteine van die waters onder die aarde word na ongeveer 150 dae van die begin van die sondvloed af toegemaak en die stortreën hou op. God laat 'n wind oor die aarde waai en die waters het begin terugtrek. Vertalers kies om die woord *rûᵃḥ* in vers 1 te vertaal met "*wind*" wat in die konteks sin maak. Dit is egter merkwaardig om die soortgelyke situasie in Genesis 1:2 te onthou waar die woord *rûᵃḥ* ook gebruik word, maar met "*Gees*" van die Here vertaal word, omdat dit in daardie konteks die beste pas. God is deur "*Gees*" en "*wind*" betrokke by die ordening van die skeppingschaos, sowel as by die ordening van die vloedchaos.

Let op die duidelike daterings wat vir die verskillende fases gegee word. Na nog 'n 150 dae het die water so gesak dat die ark tot rus gekom het op die Araratberge. Ararat is die Hebreeus naaam vir die bergreeks Urartu wat in die noorde van Mesopotamië geleë is, in die ooste van Turkye soos ons dit vandag ken. 40 dae later begin Noag met eers 'n kraai en later 'n duif wat hy loslaat, toets of dit veilig sou wees om die ark te verlaat. Uiteindelik kom die duif met 'n vars olyftakkie in sy bek. Na nog sewe dae het hulle uiteindelik die ark verlaat in opdrag van die Here. Hulle was ongeveer 'n jaar in die ark.

God herhaal dan sy opdrag soos vroeër met die eerste skeppingsverhaal in Genesis 1 dat hulle: "*moet wemel op die aarde en vrugbaar wees en baie word op die aarde.*"

Noag se reaksie is om 'n altaar vir die Here te bou en van al die rein vee en die rein voëls brandoffers te bring. Soos met Abel aanvaar die Here dié offer, waarop Hy by Homself gesê het dat Hy nie weer só 'n ramp op die aarde sal laat kom vanweë die mens nie. Hy kom tot die insig dat die mens wel "*van sy jeug*" af net slegte dinge bedink, maar die Here sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Hy in dié geval gedoen het nie.

Noag tree hier as 'n prototipe van 'n priester op wat die onderskeid tussen dít wat rein en dít wat onrein is, ken, 'n brandoffer bring wat versoening kan doen, nie net vir homself en sy familie nie, maar vir die hele mensdom met 'n effek selfs vir die aarde. In die feit dat God dié offer aanvaar het, sal almal wat tussen God en mens/aarde gaan staan in 'n versoenende rol, moed kon skep.

Teenoor die wrede gedig van Lameg, word vir ons interessant genoeg ook 'n gedig van God opgeteken wat hierdie gedagtes van God in 'n voorneme verewig:

"So lank as die aarde bly bestaan,
sal saaityd en oestyd nie ophou nie,
ook nie koue en winter,
somer en winter,
dag en nag nie."

Daarmee belowe God dat die normale ritmes van die aarde, soos dag en nag, en die seisoene nie sal ophou, ten minste tot aan die einde van die tyd, waarna Hy in die herstelde skepping sonder die effek van die sonde vir ewig met sy mense in gemeenskap kan lewe.

Die hoop vir 'n nuwe begin brand dus sterk in hierdie hoofstuk, al word dit net hierna weer in die weegskaal gebring met die verhaal van Gam in Genesis 9 …

Genesis 9 – God sluit 'n verbond met alle lewende wesens

Genesis 9 sluit die verhaal van Noag af in twee dele: 'n ***gesprek van God met Noag*** (9:1-17) en 'n ***gesprek van Noag met sy kinders*** (9:18-29).

- In God se gesprek met Noag seën Hy vir hom en sy nageslag en beveel hulle om vrugbaar te wees. Hy belowe ook om nie weer alle lewende wesens deur 'n wêreldwye vloed uit te wis nie, en gee die reënboog as teken om Homself daaraan te herinner.

- In Noag se gesprek met sy kinders vervloek hy Gam se seun, Kanaän, tot 'n slaaf vir sy seksuele oortreding, en seën Sem en Jafet om die opdrag van God om die aarde te bewoon, uit te voer.

Albei gesprekke het verreikende gevolge vir die wêreld sowel as vir die nasies wat uit Noag voortgespruit het. In hoofstuk 10 sal daar ook 'n geslagsregister geplaas word wat as getuienis van die verspreiding en ontwikkeling van die nasies na die sondvloed sal dien (vgl. 1 Kron. 1:4-23 waarmee dit ooreenkom).

God se gesprek met Noag – 9:1-17

In twee gesprekstemas word God se nuwe begin met Noag en sy nageslag vasgemaak.

1. God seën Noag en sy nageslag en beveel hulle om vrugbaar te wees en hulle opdrag om die aarde te bewoon, na te kom. Noag en sy nageslag is die nuwe begin wat God met die aarde maak.

'n Mens hoor hierin die vorige twee soortgelyke opdragte aan die mens. Vergelyk die *seën* in Gen. 1:28; 5:2 en die opdrag om *vrugbaar* te wees aan die begin in Gen. 1:28 sowel as net na die vloed in Gen. 8:17.

Dit is ontstellend om in vers 2 te lees dat al die diere, selfs die voëls en die visse vir die mens bang sal wees: "*en vir julle skrik*". Dit kan nie weens die vloed wees waarin hulle juis deur

die toedoen van Noag gered is. Dit is dus eerder weens die vyandskap van Gen. 3:15 tussen mens en dier weens die sondeval sowel as die feit dat: "*alles wat roer en lewe*" kos vir hulle sal wees.

Soos Paulus later sou sê: "*Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.*" (Rom. 8:19-22).

God laat Noag-hulle nie onbekend met wat sy goedkeuring wegdra in die hantering van vleis nie. Die regte reinheidsreëls moet nagekom word om die vleis te laat uitbloei, 'n riglyn wat in Levitikus uitgebrei sal word – die hele Levitikus 17 het 'n uitgebreide en absolute verbod op die eet van bloed – en wat selfs in die NT nog as riglyn vir die gelowiges uit die heidene gegee is tesame met die verbod op afgodery en losbandigheid (Hand. 15:18-21).

Aan bloedvergieting koppel die Here baie duidelike strawwe. God sal rekenskap eis van enigiemand wat 'n ander se lewe neem – 'n oortreding van die sesde gebod (Eks. 20:13). Hoekom? Want:

1. elke mens is na God se beeld gemaak as sy verteenwoordiger en
2. God wil hê dat die mens vrugbaar sal wees en baie sal word.

Dit is duidelik dat die Here hiermee kies vir die lewe, en die wraakgedagtes van Lameg uit die nageslag van Kain (Gen. 4:23-24) wil omkeer in 'n keuse vir vreedsame naasbestaan en vrugbaarheid. God se doel is dat die aarde deur gehoorsame families bewoon, bewerk en bewaar sal word, soos die profeet Maleagi eeue later nog sou eggo: "*Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees, wat Hom eer.*" (Mal. 2:15).

2. God belowe om die aarde en sy bewoners nie weer deur 'n vloed uitwis nie. Om dié punt deeglik te maak, word dit drie keer onderstreep (vers 8-11; 12-16; 17). Hy sluit 'n verbond met Noag, sy nageslag en al die lewende wesens op die aarde: "*mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie.*"

God sal sy verbond ook hou met as teken daarvan die reënboog. Die reënboog is nie net vir ons 'n herinnering nie, maar veral vir God: "*Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle, sal Ek dink aan my verbond met julle …*" Dit is ook 'n ewige verbond wat nooit verbreek sal word nie.

Daarmee belowe God nie dat daar nie "*gewone*" oorstromings, soos tsunami's, sal wees nie, maar geen omvattende verswelging van die aarde nie, soos dit was met die sondvloed.

Noag se gesprek met sy seuns – 9:18-29

Interessant is dat die oorsprong en ontwikkeling van wynbou met Armenië geassossieer word, presies waar die ark op die berg Ararat tot rus gekom het. Noag geniet egter te veel van die vrug van die wingerdstok en lê dronk en kaal ("*ontbloot*") in sy tent. Sy seun Gam buit die situasie uit en verneder sy pa deur nie net na sy: "*naaktheid te kyk*" nie, maar ook vir sy broers te gaan vertel.

'n Mens kan die: "*kyk na sy naaktheid*" – soos dit letterlik daar staan – as 'n eufemisme interpreteer vir seksuele gemeenskap soos dit in Levitikus op 'n paar plekke die geval is. In Levitikus 18:6, letterlik vertaal, staan daar: "*Geen man onder julle mag naby enige bloedverwant kom met die doel om hulle naaktheid te ontbloot nie. Ek is die Here.*" (en nog verskeie kere in vers 7-20). Dieselfde geld Levitikus 20:17: "*As daar 'n man is wat sy suster … vat, en hy sien haar naaktheid en sy sien sy naaktheid, is dit 'n skande.*"

"*Naaktheid ontbloot*" en "*naaktheid sien*" is daar 'n algemene eufemistiese verwysing na geslagsgemeenskap.

Dit is dus nie onmoontlik dat Gam probeer het om sy dronk pa seksueel te molesteer nie. Deur sy pa te verkrag, sou Gam as't ware sy pa se mag as familiehoof van hom kon wegneem deur die vernedering wat hom aangedoen is. Daar is 'n Joodse uitleg van dié gedeelte wat dan ook beweer dat Noag nie 'n vierde seun gehad het nie as gevolg van wat hier byna met hom gebeur het.

Dit is ook merkwaardig dat in Noag se gesprek met sy kinders hierna hy nie vir Gam vervloek nie, maar sy kleinseun Kanaän, wat die nageslag van Gam verdoem tot die status van 'n slawevolk. Dit versterk die idee dat hier meer op die spel is as maar net 'n visuele oorsig van Gam. Daarmee word die Godsvolk eintlik ook alreeds vroeg gewaarsku om die Kanaäniete se gebruike te vermy as hulle uiteindelik in Israel gevestig sal word, weens die baie seksuele wanpraktyke wat die Baälgodsdiens ingehou het.

Indien dit waar is dat Gam met sy pa geslagsgemeenskap gehad het, word sy saad dus vervloek, weens sy magshonger. Dit verklaar die absolute venynige vervloeking wat sy pa oor hom uitspreek.

Noag vervloek darem nie net vir Kanaän nie, maar seën Sem en Jafet om die opdrag van God om die aarde te bewoon uit te voer: "*Mag God aan Jafet 'n ruim woonplek gee, mag hy welkom wees in die tente van Sem.*" Hy bid hulle dus 'n geseënde naasbestaan op aarde toe, hoewel Kanaän tot 'n slawebestaan verdoem word.

Op die rype ouderdom van 950 jaar – 350 jaar ná die vloed – het Noag sy kop neergelê en gesterf.

Die boodskap van Noag in die res van die Bybel

Die redding van Noag in die vloedverhaal word in Jesaja 54:9 gebruik as ‘n bevestiging van God se goeie gesindheid teenoor Israel wat hulle nie langer sal straf nie, maar sy verbond met hulle sal nakom. Die verhaal van Noag is daarom ‘n voortdurende herinnering aan alle gelowiges van alle tye dat God sy verbond met ons nooit sal verbreek nie, selfs al is iets soos ‘n ballingskap nodig in sy plan met sy mense.

Só het dit ook ‘n neerslag gevind in die NT boodskap. Die skrywer van die Hebreërbrief beskryf Noag as ‘n held van die geloof: “*Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was ’n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.*” (Hebr. 11:7).

Maar juis in die wyse waarop sy redding ook onvermydelik die oordeel van God oor dié wat aan Hom ongehoorsaam was aan die orde gestel het, is dit só noodsaaklik om albei kante van die boodskap van Noag ter harte te neem. Noag vertel ons van God se verlossende oordeel, soos dit ook in die boodskap van Openbaring na vore tree, die boek wat op die einde nie maar net van die bewoonde aarde, soos in Noag se tyd, dui nie, maar op die einde van die tyd.

Geen wonder dat die opdrag aan die kerk gegee word om beide die verlossing en die oordeel te verkondig, gesimboliseer deur die kleiner boekrolletjie wat Johannes uit die hand van die sterk, enorme en ontsagwekkende engel ontvang. Lees meer daaroor in my vroeëre bydrae: Openbaring 10 – Die kerk het die taak om die verlossing en die oordeel van God te verkondig.

Die gebeure rondom Noag word daarom as ‘n voorbeeld gebruik in die tweede brief van Petrus as waarskuwing vir die gelowiges om te volhard in gehoorsaamheid: “*God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel. Hy het ook die wêreld van die outyd nie gespaar nie, maar die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring. Net vir Noag wat die wil van God verkondig het, en sewe ander mense het Hy gered.” (*2 Pet. 2:4-5).

Noag is dus ‘n getroue getuie van die genade wat daar is vir gehoorsames. Trouens, die doop is ‘n teken en seël daarvan, soos Petrus dit duidelik maak: “*Net ’n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.*” (1 Pet. 3:20-21).

Maar, dit is egter ook duidelik dat God se redding nie onafhanklik kan gebeur van ‘n vaste voorneme om volgens God se wil te lewe nie, soos ons reeds in Esegiël 14:14,10 agterkom dat die Here sy profeet waarsku dat sy eis om gehoorsaamheid absoluut is. As mense die

Here nie wil dien nie, help dit uiteindelik nie eers om vir hulle te bid nie, want selfs: "*Noag, Daniël* (nie die Bybelse Daniël nie) *en Job as hulle daar was,* (sou) *nie eens 'n enkele seun of dogter kon red nie; hulle sou net hulleself in die lewe kon hou omdat hulle volgens my wil geleef het.*"

Só waarsku Jesus ook in die NT oor die onbekommerde lewe van mense met sy wederkoms. "*Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: Hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis*." (Luk. 17:25-26; vgl. Matt. 24:37-38).

Die verhaal van Noag teken dus die onafwendbare katastrofe van ongehoorsaamheid. God haat die sonde. God sal ongehoorsaamheid straf. Daar is 'n oordeel wat kom. Niemand wat in hulle sonde volhard, sal dit vryspring nie.

Die verhaal van Noag teken egter ook die geweldige gerusstelling, die troos, soos dit opgesluit is in die betekenis van sy naam: "*Hierdie seun sal ons opbeur in die harde werk met ons hande en in ons swaarkry op die grond wat deur die Here vervloek is.*" (Gen. 5:28). God sal die aarde nie weer vernietig soos met die sondvloed voor die einde kom nie. Hy sal die regverdiges, dié wat aan Hom gehoorsaam is, red, soos Hy dit indertyd met Noag en sy nageslag gedoen het. Met hulle het Hy 'n nuwe geslag op aarde begin. Met ons sal Hy die ewigheid van 'n nuwe hemel en aarde binnegaan.